STELLENBERG-GEMEENTE

021 976 4519 (kerkkantoor)
021 975 1044 (jeugkantoor)
021 910 3900 (feesmark)
021 976 8029 (SOS)

www.stellenberg.co.za
navrae@stellenberg.co.za

Jesus ons Verlosser leef! Ons reik uit oor alle grense.

27 OKTOBER 2019

# GEMEENTEBULLETIN

## KONINKRYKSTYD

Ons **groei** nader aan God en mekaar om 'n verskil in die wêreld te maak.

**GESAMENTLIKE OGGENDDIENS**

Vergifnis

Genesis 44 - 45

**JEUGDIENS**

*Rooted:*

*Where we fall*

**AANDDIENS**

Die lewe van 'n Christen (Deel 2)
Matteus 5

**DEURKOLLEKTE**

**Durbanville Kinderhuis**

Die kinderhuis is 'n sinodale projek en bied 'n tuiste en versorging aan kinders wat weens maatskaplike omstandighede nie deur hul eie ouers versorg kan word nie.

## EREDIENSTE

| | | | 27 Oktober Nagmaal | | 3 November | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 09:00 | Kerk | Gesamentlike diens | Ds. Breytenbach | 4/7 | Ds. Ackerman | 2/8 |
| 09:00 | Kapel | Meditatief | Ds. Dietmann | - | Ds. Dietmann | - |
| 18:00 | Kerk | Jeugdiens | Ds. Ackerman | - | Ds. Potgieter | - |
| 19:00 | Kapel | Aanddiens | Mike van Deventer | 11 | Mike van Deventer | 12 |

## DIE TIENDEMAAND EN BYBELSE VRYGEWIGHEID

Gelowiges oor die eeue heen betuig op tasbare wyse hul DANKBAARHEID teenoor die Here. Ons glo dat ons alles van die Here ontvang en daarom leef ons met VRYGEWIGHEID. Die beginsel van 'n TIENDE is 'n sterk, Ou Testamentiesebeginsel wat vir die Here se volk gegeld het. Lev. 27:30,32: *Een tiende van al die produkte van die land behoort aan die Here, of dit nou graan of vrugte is. Dit is aan die Here gewy. Een tiende van die beeste en kleinvee behoort aan die Here. Die diere moet getel word, en al om die tiende dier wat verbykom, moet vir die Here afgekeer word.*

Dit dien vandag vir ons slegs as 'n riglyn, maar ons gee nie uit dwang nie, eerder uit dankbaarheid en vrye wil. *As die goeie wil daar is en iemand gee volgens wat hy het, neem God die gawe aan. Hy verwag nie van hom wat hy nie het nie.* 2 Kor. 8: 12-15

**Neem 'n plantjie:** Elke huisgesin word uitgenooi om een van die tarentaalplantjies as herinnering aan jul dankoffer te neem. Gee jou dankoffer dan uit dankbaarheid en vrygewigheid aan die Here. Plaas jou dankoffer in 'n koevert in die kollektebord, of maak 'n elektroniese oorbetaling na NG Kerk Stellenberg, Absa-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005, gebruik *tiendemaand* as verwysing. Daar is 600 plantjies beskikbaar.

## JEUGDAGBOEK

- ANNIBRAND JUNIOR: Vanaf 20 Okt. tot 3 Nov. kom die graad 1-6-groepe almal om 10:00 in die kerk byeen.
- GRAAD 7'S: Sluit vanaf 20 Oktober by Annibrand Senior aan. Sien jou 18:00 by die jeugdiens.
- ANNIBRAND SENIOR: Na die jeugdiens, 19:00 tot 19:30.
- RELEVANT: Dis vir jong volwassenes. Ons luister 15 min. lank na 'n aanbieding en gesels dan saam oor die onderwerp. Vanaf 23 Okt. tot 6 Nov. ontmoet ons 19:00 in SOS-komiteekamer.

## VERANDERINGE IN JUNIOR KATEGESE

Ons beoog om op Sondae 10, 17 en 24 November aanpassings in ons junior-kategesisteem te beproef. E-posse is aan alle ouers gestuur om die veranderinge te verduidelik. Indien jy nie 'n e-pos ontvang het nie, kontak assebief die jeugkantoor by sunet@stellenberg/021 975 1044, of besoek die webwerf: www.stellenberg.co.za/kinderbediening.

## VOSBURGVLEIS

Daar is nog 140 kg potjievleis oor. Die Vosburg-komitee daag gemeentelede uit om op **vanoggend** al hierdie vleis teen R100 per kg op te koop. Bring asb. kontant saam. Die vleis sal na die erediens op die rooiplein te koop wees.

## SONDAGVIERINGE OP 27 OKT. EN 3 NOV.

**Gesamentlike erediens:** Ons nooi lidmate om ons gesamentlike dienste **vanoggend en op 3 Nov**. om 09:00 in die kerk by te woon. By dié eredienste kom die hele gemeente, ook lidmate wat gebruiklik die gesinsdiens bywoon, saam in die kerk bymekaar. 'n Groot samekoms sorg vir 'n besonderse atmosfeer.

**Kleuter- en peuterkerk:** Dit is ter wille van die feesmark vanaf 20 Okt. tot 3 Nov. in die komiteekamer.

**Kafeteria:** Tee en koffie is vanoggend gratis in die restauranttent beskikbaar. Cappuccinos, asook eetgoed, sal te koop wees.

### KATEGESE

### KLEINGROEPE

Graad 1 tot 6: Kerk

Graad 7:
Kerkkantoor-komiteekamer

Graad 8 en 9:
Restauranttent

Graad 10 en 11:
SOS-komiteekamer

### BREIGROEP

Ons kom weer op 4 November 09:30 in die KOMITEEKAMER bymekaar. Die breigroep benodig steeds wolskenkings. Afvalwol is ook welkom.

### GEMEENTENUUS PER E-POS & WHATSAPP

Stuur 'n e-pos na sanel@stellenberg.co.za om die Bulletin, Samaritaan en Stellenberger per e-pos te ontvang, of *WhatsApp* jou naam en selfoonnommer na Sanèl by 083 611 4720 om die bulletin op jou selfoon te ontvang.

## BYBELS VIR KHAYELITSHA

Die mannegebedsgroep wil graag 500 Bybels vir Khayelitsha insamel. Die Bybels kos R95 elk. Lidmate wat by die projek betrokke wil raak, kan gerus 'n finansiële bydrae vir die aankoop van die Bybels maak. Bydraes kan by die kerkkantoor inbetaal word, of EFT na NG Kerk Stellenberg, ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005, gebruik *Khayelitsha Bybels* as verwysing.

## BESOEK AAN VOSBURG

Ons wil graag die boeregemeenskap van Vosburg tydens die droogte gaan ondersteun en beoog om hulle van 8 tot 10 November te besoek. Kontak asseblief vir ds. René Potgieter by 079 893 8104/ rene@stellenberg.co.za, of Karin by 021 976 4519/ karin@stellenberg.co.za indien jy wil saamgaan.

## VATVYF BYEENKOMS

Ons sluit op Woensdag 30 Oktober om 10:00 by Edelweiss Dienssentrum aan om na die interessante wedervaringe van die Nasionale Seereddingsinstituut te luister. Bywoning is gratis. Bespreek jou plek by Karin, 021 976 4519/karin@stellenberg.co.za. Na afloop van die praatjie geniet ons 'n koppie tee of koffie.

## KOSPROJEK

Die kosprojek is een van die gemeente se oudste projekte, maar die voortbestaan van dié projek is in gedrang. Bydraes het geweldig gekrimp en die voorsiening van voedselhulp aan gesinne raak al moeiliker. Plaas asb. bydraes van niebederfbare kos onder die trap in die voorportaal van die kerk, of kontantbydraes kan per EFT na ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005, verwysing KOSPROJEK oorbetaal word.

## MET LEEDWESE

Ons neem afskeid van Isabé Jooste, gebore 24/11/1954 en oorlede op 19/10/2019. Haar roudiens word op Maandag 28 Oktober om 11:00 in die kerk gehou. Sy het in Katzenellenbogen 25 gewoon en is sedert 2001 'n lidmaat van die gemeente. Ons opregte meegevoel met haar kinders en kleinkinders wat sy agterlaat.

### EDELWEISS

**NAGMAAL**

Sondag 27 Okt. 17:30

Johannes 5:1-18
'n Wonderwerk wek weersin.

**BYBELSTUDIE**

24 Oktober om 15:00 en 15:45 uit Spreuke 8
Wysheid help ons om die verkeerde raak te sien.

### GEBEDSGROEPE

- Vrouegebedsgroep Maandagoggende om 09:15 in die kapel.
- Asemskep-gebedsgroep Dinsdagaande om 18:30 in die kapel.
- Mannegebedsgroep Donderdagoggende om 06:00 in die kafeteria.

### HUIS HORISON

**Somerkermis**

Saterdag 2 November vanaf 09:00 tot 12:00.

Alles is handgemaak, tuisgemaak en van goeie gehalte. 'n Groot verskeidenheid handwerk en eetgoed sal te koop wees en die wêreldbekereindstryd word op 'n groot skerm vertoon.

## KOORSANG VIR DIE KERSSANGDIENS

Indien jy graag deel wil wees van die koor wat tydens die Kerssangdiens op Sondagoggend 1 Desember Kersliedere gaan sing, kontak asb. vir Karin Barter 021 976 4519/ karin@stellenberg.co.za. Die koor gaan die tweede stem sing en beoog om vooraf drie keer te oefen.

## GELEENTHEID NA LEEU-GAMKA

Voorraad moet by 'n gemeenteprojek op Leeu-Gamka besorg word. Indien jy met 'n geleentheid kan help, kontak asseblief vir Marelize by 083 261 4861.

## VRYWILLIGERHULP

Ons benodig die hulp van vrywilligers wat gedurende die feesmarktyd vanaf 23 Okt. tot 9 Nov. vir twee-uur-tydgleuwe vanaf 09:00 tot 16:00 in 'n aparte koffiekroeg behulpsaam kan wees met die bediening van klante. Kontak asb. vir Karin 021 976 4519/ karin@stellenberg.co.za, indien jy kan help.

## DIE BYBEL VIR VANDAG (BYBELSKOOL)

Hoe lees ons die Bybel, hoe kan ons God se Woord vandag op die uitdagings in ons lewe toepas en wat leer die Bybel ons rakende moeilike kwessies wat die kerk moet hanteer? Tydens die Bybelskoolkursus gaan ons die totstandkoming van die Bybel, asook hoe gelowiges deur die eeue heen die Bybel gelees en verstaan het, bestudeer. Datums: Maandagaande van 28 Okt. tot 25 Nov. om 19:00 tot 20:30 in die kerk. Aanbieder: Ds. Marius Breytenbach. Koste: R30 per persoon. Besprekings: Karin by 021 976 4519/karin@stellenberg.co.za.

## VAKATURES

- **Algemene musiekleier** NG Kerk Parke, Kraaifontein: Indien jy wil aansoek doen vir die pos, stuur 'n e-pos na karin@stellenberg.co.za om die volledige posomskrywing aan te vra. Sluitingsdatum 11 Nov. Navrae: ds. Charl Stander 084 234 1155.

- **Kommunikasiebeampte** by NG Kerk in Suid-Afrika: Vra die volledige posbeskrwying vir die halfdagpos by karin@stellenberg.co.za aan.

### STELLENBERG ONDERSTEUNING-SENTRUM

SOS bied berading en mediasiedienste deur professionele persone aan. Daar is kliniese sielkundiges, mediators, spraak- en arbeids-terapeute, asook 'n musiekterapeut beskikbaar.

Afsprake kan tussen 09:00 en 12:00 by 021 976 8029 gemaak word, of skakel die sentrumbestuurder Rudolph van Schoor by 082 854 4530.

### STELLENBERG-GEMEENTE SNAPSCANKODE